

**29 November**

**Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-8**

**Fokusgedeelte: Openbaring 1:5**

### **Christus regeer**

Die Here het dit só beskik dat daar 'n owerheid is wat oor ons regeer (Rom13:1). Omdat die mense wat regeer ook sondig en gebroke is, verloop dinge nie altyd soos dit hoort nie. Daar is korrupsie en bedrog. Inflasie, armoede en werkloosheid kan net nie hokgeslaan word nie. Oor die eeue heen kan ons net nie ontslae raak van moorde en geweld en onreg nie. Die mens het sy beperkinge. Hy kan nie self die hart van die mens verander en die probleem van die kwaad in die samelewing oplos en te bowe kom nie. Soms wil dit voorkom of dinge eenvoudig handuit geruk het.

Jesus Christus hou egter die leisels van die kerk- en die wêreldgeskiedenis stewig in sy hande vas. Hy het die eerste en die laaste sê oor alles wat gebeur. Ook in jou eie lewe regeer Hy volgens sy alwyse raadsplan (Ef 1:11). Sonder die wil van jou hemelse Vader sal daar nie 'n enkele haar van jou kop val nie (Luk 21:18). Christus regeer oor jou met Goddelike wysheid (Luk 2:40, 7:35). Hy maak nooit 'n fout nie – ook nie met jou nie.

Die owerhede waarin mense dien, kom en gaan. Dan is dié een aan bewind, dan dáárdie een. Maar by Christus is dit nie só nie. Hy is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb 13:8). Aan sy Koningskap is daar geen einde nie (Luk 1:33). Daarom is ook jý wat in Hom glo se ewige burgerskap van sy koninkryk en jóú ewige lewe gewaarborg.

Christus is 'n Koning wat oorwin. Hy het Satan se versoekings oorwin. Hy het die dood oorwin. En saam met Hom is ook jý oor elke probleem 'n oorwinnaar (Rom 8:37). Trouens, Christus regeer só oor jou dat alle dinge vir jou wat Hom liefhet ten goede meewerk (Rom 8:28). Jy kan dus rustig elke dag voluit leef, want jy is veilig in die almagtige hande van jou Koning en jou God.

*Sing: Psalm 4:1,4*

*Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)*